Berg-en-Dal

# WEEK VAN GEBED (v)

## Donderdagaand, 25 Januarie 2024



*Felix Stahlberg (2018) / Carl Bloch (1877)*

*"Wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon. ... Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*
**(Matteus 6:6 & 32-33)**

**LITURGIE**

**Verwelkoming en liturgiese reëlings**

**Aansteek van 'n Wydingskers**

**Wydingslied:** "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278 – twee keer)

**Votum & Seëngroet** (uit Psalm 139)

**Loflied:** "U Here, is ons Koning" (Lied 470:1, 478:2 en 470:4)

**Geleentheid vir kleingesprek, nadenke en skryfwerk:**

"Wat het jy/ek hierdie week gehoor oor 2024 en ons roeping om lig te wees?"

**Gebed**

**Skriflesing:** Matteus 5:1-2, 13 en 14-16
Matteus 6:1, 5-6, 22-23, 25 en 31-34

**Gebedslied:** "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471)

**Oordenking**

**Gebedslied:** "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471)

**Herinnering aan die Nagmaal**

**Nagmaalslied:** "Ons kom vier u maaltyd, Vader" (Lied 301:1 en 4)

**Uitdeel van die tekens**
*(Almal ontvang van die brood en wyn, gee aan en wanneer almal gekry het, gebruik ons dit saam ná die instellingswoorde deur die liturg)*

**Gebedslied:** "Ons Vader" (Lied 266 – sittend)

**Instelling van die Nagmaal en gebruik van brood en wyn**

**Stilte vir persoonlike gebed**

**Gesamentlike gebed:**

**Hemelse Vader,**
**Christus ons Verlosser,**
**O Gees van God:**

Ons dank U vanaand vir vrede hier,
vir vryheid en vreugde,
en vir die versekering van U liefde, genade en trou –
hiermee gaan ons 2024 binne.
U koninkryk het naby gekom in Jesus ons Here.

Ons bely egter ook, Here –
want U ken ons verborge binnekant –
ons sorge en bekommernisse, ons vrese,
ons onsekerheid omdat ons die pad vorentoe deur 2024,
nie ken nie.
Maar U weet alles – dáárom draai ons vanaand opnuut na U toe, ons Vader.

Hoor, in Jesus Naam,
ons gebed vir ons huis, ons geliefdes, ons gemeente, ons stad, ons land en die wêreld;
mag U lig deur ons skyn en die duisternis verdryf.
Amen.

**Slotlied:** "Dié met helderwitte klere" (Lied 597:1, 2 en 5)

**Seënbede & Amen**

**Om in die lig van God se Woord en onder leiding van sy Gees te onderskei:**

**"Wat het ek/jy/ons hierdie week uit Matteus 6 en by ons sprekers, gehoor oor...**

1) Oor die verband tussen my verborge binnekant, ons verborge Vader, <u>egte gebed</u> en my/ons publieke lewe daarbuite (waar die koninkryk van die hemel naby gekom het)?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

2) Oor die jaar 2024, en die <u>wêreldtoneel</u>: Wat moet ons raaksien, waarvoor moet ons bid?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

3) Oor die jaar 2024 en <u>ons land</u>: Wat sien ek raak, en waarvoor sou ons moet bid?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

4) Oor die jaar 2024 hier <u>in Bloemfontein en ons buurt</u>: Wat sien ek raak waarvoor ons kan bid, én, wat sou ons daaraan kon doen?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

5) Oor 'n <u>roeping vir ons gemeente</u> in 2024: Hoe kan of moet ons die lig vanjaar hier laat skyn? Waarop moet ons fokus teen die agtergrond van alles wat ons hierdie week gelees en gehoor het?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

6) Enigiets anders wat jy onder die aandag van ons gemeente sou wou bring, waaroor ons moet bid, mee kan help of iets aan behoort te doen?

..........................................................................................................................................